

Die geskiedenis van onderstokke in Suid-Afrika (Deel 3)

Sleutelwoorde: Seleksie, onderstokke, droogte, aalwurms, swamme, brak, natheid.

Hierdie is die derde artikel oor die geskiedenis van onderstokke in Suid-Afrika. Die klem val op die seleksiekriteria om die mees geskikte onderstok vir 'n bepaalde perseel te vind. Ander oorwegings benewens die onderstok se eienskappe speel 'n belangrike rol by die finale besluit.

Seleksiekriteria vir onderstokke

Weerstand teen filloksera was die eerste en vernaamste prioriteit vir Europese telers, maar ander ewe belangrike eienskappe was gedeelike voortplanting, wat bewortelingsvermoë en entaffiniteit met *Vitis vinifera*-spesies ingesluit het. Nog 'n belangrike parameter was aanpasbaarheid by die grond wat betref weerstand teen kalk-geïnduseerde chlorose, vanweë die kalk-gebaseerde oorsprong van die grond in die grootste dele van Europa en die Mediterreense streek. Droogtebestandheid was die volgende belangrike faktor, veral in die suide van Frankryk en Italië, die Mediterreense eilande en die noord-Afrikaanse kus. Bogenoemde was die vernaamste seleksiekriteria wat deur telers gebruik is om die Europese wingerde weer te hervestig. Nog ander sou volg.

Die meeste onderstokke is tussen 1875 en 1910 in Europa geteel (hoofsaaklik in Frankryk en Italië). Tydens hierdie periode is onderstokke wat weerstand teen filloksera, kalk en droogte kon bied, na lande in die Nuwe en Ou Wêreld waar wingerdbou beoefen is en uitbrake van filloksera voorgekom het, uitgevoer. Bestandheid teen aalwurms het belangrik geraak in die VSA, veral in die binnelandse wingerdbougebiede in die San Joaquin-vallei in Kalifornië waar die dolk-aalwurm, *Xiphinema index*, netelblaarvirus met katastrofiese


gevolge vir druiweproduksie oordra. Die teling van onderstokke in Kalifornië fokus sedert die jare 1940 vernaamlik op die ontwikkeling van onderstokke wat teen aalwurms en netelblaar bestand is. Suid-Afrikaanse onderstokteling en -seleksie het amptelik in 1949 begin en in Australië in die middel van die jare 1960, terwyl 'n nuwe teelprogram vir onderstokke in Duitsland in 1990 begin het. Die soektog na onderstokke wat by plaaslike toestande aanpasbaar is, duur voort.

Dit is 'n komplekse besluit om te bepaal watter onderstok by uitstek geskik vir 'n bepaalde wingerdperseel is en dit vereis goeie tegniese kennis van onderstok-eienskappe. Dit sluit in:

- Bestandheid teen filloksera.
- Bestandheid teen droogte.
- Bestandheid teen verskillende aalwurmspesies.
- Bestandheid teen ondergrondse natheid ("nat voete").
- Bestandheid teen grond-gedraagde swamme soos *Phytophthora cinnamomi*.
- Bestandheid teen kalk-geïnduseerde chlorose (hoë grond pH wat met vry kalk in die grond geassosieer word).
- Bestandheid teen brak grondtoestande.

Bogenoemde kan egter nie ten koste van ander ewe belangrike oorwegings (soms selfs belangriker) gebruik word nie. Dit sluit in:

- Aanpasbaarheid by die grond.
- Beskikbaarheid van besproeiingswater.
- Keuse van bostok kultivar.
- Geïnduseerde groeikrag in bostok kultivar.
- Verwagte opbrengs (ton/ha).



(foto: A. Teubes)

FOTO 1. Tipiese simptome van kalk-geïnduseerde chlorose op Autumn Royal.

